NATURAL JUSTICE


The Green Connection

# OLIE- EN GASVERKENNING: DIE WESKUS

## TEEPSA DWOB Suid

**Total Energies (TEEPSA) beplan om verkenningsboorwerk in die suidelike deel van die blok Deepwater Orange Basin (DOWB) uit te voer: Omgewings- en maatskaplike-impakassesseringsproses is aan die gang.**

In 2023 het TEEPSA Omgewingsmagtiging (OM) ontvang om verskillende verkenningswerksaamhede binne die noordelike deel van die DWOB-blok te onderneem. Vissersgemeenskappe en omgewingsorganisasies sal die OM in Oktober 2025 in die Kaapse Hooggeregshof uitdaag.




Figuur 1: Ligging van lisensieblok DWOB aan die Suid-Afrikaanse kus

**Sluitingsdatum vir kommentaar is 10 September 2025**

# Waar is ons nou?

TEEPSA beplan om verkenningsboorwerk in die suidelike deel van die DWOB-blok uit te voer. Dit kan die seelewe, seewater en die manier waarop die kusgemeenskappe leef en 'n bestaan maak, beïnvloed. Die wet verleen aan alle belanghebbende en geaffekteerde partye (B&GP), met inbegrip van gemeenskappe, die reg om insette te lewer en hulle mening oor hoe hierdie projek hulle kan raak, te deel.

TEEPSA moet 'n Mmgewingsmagtiging (OM) bekom. Hierdie proses sluit 'n **Omgewingsimpakassessering (OIA)**, wat soms 'n omgewings- en maatskaplike-impakassessering (OMIA) genoem word, in.

Die OIA behels twee fases en ons is tans in die tweede fase:
1. die Bestekopnamefase; en
2. die Impakassesseringsfase

# Watter werksaamhede word beplan?

Vir meer inligting, lees die publikasie wat tydens die bestekopnamefase ontwikkel is. Besoek www.naturaljustice.org/publication/teepsa-deep-water-orange-basincomments-on-scoping-report

**Op soek na**

**olie en gas**

**7**

**Nuwe putte sal na verwagting geboor word**

**3900 m**

**Moontlik die diepste boorpunt**

**211km**

**aflandig**

- Tot en met 7 putte sal in die oseaan geboor word, met elke put wat tussen 3 en 4 maande sal neem om te boor.
- Die boorwerk sal 211 km van die kus af, in baie diep water van tussen 500 m en 3 900 m, plaasvind. Dit kan die diepste aflandige boorwerk wees.
- Boorwerkverwante toerusting en voorraadvaartuie sal gebruik word en 'n logistieke basis sal aan die kus gevestig word.
- Gedurende die boorwerk sal afvalmateriaal soos uitgrawings, boorvloeistowwe en oorskietsement op die seebodem uitgestort word.
- Toetse van die putte sal vertikale seismiese profilering (VSP) insluit – 'n evaluasiehulpmiddel wat van luggewere gebruik maak om seismiese beelde van die geologie rondom die put op te lewer.
- Putte sal vir olie en gas getoets word en dan met sement verseël word.

# Hoe kan gemeenskappe daardeur geraak word?

*Die konsep-OIA-verslag identifiseer die moontlike impakte, waaronder maatskaplike en ekonomiese kwessies en omgewingsrisiko's. Dit sluit in:*

**Impak op vis en seelewe:** Trekspesies soos tuna, snawelvis, haaie, walvisse en dolfyne, leerskilpaaie, en seevoëls soos die Afrika-pikkewyn kom in die DWOB-gebied voor en kan skade ly deur geraas, besoedeling en die afval van boorwerk. As daar 'n oliestorting sou wees, kan dit visvanggebiede kontamineer, die seelewe beskadig en die oseaan- en kusomgewings beïnvloed.

**Impak op bestaansmiddele**: Die voorgenome projek kan ook 'n impak op visvangbedrywighede hê weens die veranderinge in die vis se gedrag. As die totale vangs minder is, kan dit inkomste uit visvang verminder.

**Impak op kultuur en erfenis:** Die kuslyn van Port Nolloth tot Kaapstad is van diepe kulturele en geestelike belang vir inheemse mense en kleinskaalse vissersgemeenskappe, wat die hele oseaan as heilig en aan hulle lewenswyse verbonde beskou.

## Hoe om betrokke te raak

### Woon openbare vergaderings by

Woon openbare vergaderings oor die ontwikkelings in jou area by en opper jou besware direk.

### Laat jou stem hoor

Lees die Konsep- Omgewings- en Maatskaplike-impakassesseringsverslag (OMIA-) wat van 11 Augustus tot 10 September 2025 beskikbaar is.

Gebruik die volgende skakels om die verslag te besigtig: SLR-webwerf of die datavrye webwerf: www. slrpublicdocs.datafree.co/public-documents/teepsadwobsouth/

Harde kopieë behoort by die openbare biblioteke in Port Nolloth, Lambertsbaai, Saldanha en Houtbaai beskikbaar te wees.

### Voeg jou stem by

Registreer as belanghebbende en geaffekteerde partye (B&GP) deur 'n e-pos te stuur aan TEEPSA-DWOK@slrconsulting.com SMS/WhatsApp: 078 226 0801

Berei jou kommentaar oor die verkenning voor en dien dit teen 10 September 2025 (voor middernag) in.

# Die Omgewingsimpakassessering

Die Omgewingsimpakassesseringsproses (OIA-) verseker dat die potensiële impakte van die projek deeglik geëvalueer word, voordat enige verkenning begin. Die onderstaande bied 'n oorsig van die hoofstappe betrokke en waar ons in hierdie proses is.

**BESTEKOPNAME & OMGEWINGSIMPAKVERSLAGDOENING**

**BESTEKOPNAME**

**DIEN AANSOEK IN**

⇩

**KENNISGEWING VAN OIA**

⇩

**KONSEP- BESTEKOPNAMEVERSLAG**
**(30 dae openbare kommentaar)**

⇩

**FINALE BESTEKOPNAMEVERSLAG**

⇩

**BESLUIT OOR BESTEKOPNAMEVERSLAG**

**IMPAKASSESSERING**

⇩

**KONSEP- OIA-VERSLAG**
**(30 dae openbare kommentaar)**

⇩

**FINALE OIA-VERSLAG**

⇩

**BESLISSING** ⇨ **APPÈL**

## Ons is hier!

**Omgewingsimpakassessering (OIA)**

Die wet vereis van aansoekers om verkenningsregte om met elke fase van die aansoekproses om 'n OM vir verkenning te bekom, die plaaslike gemeenskappe te raadpleeg

Die konsep- OIA-verslag moet aantoon waaroor die projek handel, moontlike impakte en maniere om skade en gemeenskapsbesware te beperk.

(NEMA Reg 21-24)

